KRONENDAL

FAKS DEKKINGSBLAD / FAX COVER SHEET
Faks No. / Fax No. 012 343 0395
Tel. 012 343 0390 X313

Datum /Date	: 16 November 2007
Aan / To	: Rian Greyling
Faks No. / Fax No.	: 0865100853
Sender	: Pieter Badenhorst
Bladsye / Pages	: 4
Boodskap / Message	:

KRONENDAL

REG NR/NO : 63/02885/06

Kronendal Aandeleblokmaatskappy Bpk
Pretoriusstraat 650
ARCADIA 0083
Tel : (012) 343 0390
Faks : (012) 344 4490

Kronendal Share Block Company Ltd
650 Pretorius Street
ARCADIA 0083
Tel : (012) 343 0390
Fax : (012) 344 4490

16 November 2007

Beste Vellux en Rian,

Namens die versorgingspersoneel en inwoners van Kronendal wil ons u baie dankie sê vir die doeltreffende noodoproepstelsel wat u hier geinstalleer het, dit het gemoedsrus by die inwoners gebring vir gevalle van val snags in die kamers en by bad tye waar ons gereeld inwoners het wat nie self uit die bad kan opstaan nie ens.

Aangeheg hierby is 'n briefie van een van die inwoners wat die pannickknoppie gebruik het.

Ons wil u ook bedank met vinnige installering en vriendelike en hulpwaardige wyse waarop die stelsel ingestel is.

Baie dankie

Pieter Badenhorst
BESTUURDER

Direkteure / Directors
I.W de Bruin (Voorsitter / Chairman) PL Bezuidenhout H Binsbergen Marlien Brand P le Grange
Ric Pretorius Dr S vd Walt
PJ Badenhorst (Hoofbestuurder / General Manager)

15/11/2007.

Die lewe gaan sy gemoedelike gang, stil en rustig, byna vervelig so soms hier in ons luukse aftreeoord - Die Kronendal - totdat jy in 'n oogwink wakker geskud word uit jou gemak zone en gekonfronteer word met die feit hoe broos en magteloos mens eintlik is en hoe afhanklik van iemand of IETS wat moet red en help!

Die toneel wat homself hier in ons woonkamer afgespeel het, hoe lagwekkend ook allaat ons nou nog sidder aan die gedagte van hóe 'n onmeetlike tragedie hier kon plaasgevind het.

Terwyl my wederhelf, Sidney sy gewoone plek voor die T.V. verruil om vir 'n wyle kamer toe te gaan, skuif ek my agter my lessenaar uit- en neem een van die swart "Remote Controllers" wat mooi netjies voor hom op 'n ry lê, in die hand en druk een of twee van die knoppies (ek het nog nie die nuwe kanaalverskuiwings gememoriseer nie) en kaboems! daar is alles pikswart en net 'n onheilige kras lawaai wat oordromme laat bars vul die hele woonstel! Sidney verskyn skielik en ek oorhandig maar verleë die apparaat aan hom. Hy gaan sit op die hoek van ons koffietafel wat maar taamlik laag staan en 'n glasblaad het. Na 'n rukkie se getoor met die apparaat kyk hy selfvoldaan op na my.

Hoewel hy stewig en kragtig vanbou is, laat sy bene hom dikwels in die steek, met die gevolg dat toe hy homself opslig om orent te kom, beweeg hy effens na die middel v.d. tafel en net daar gebeur die ergste nagmerrie. Nie een van ons twee kon die val keer nie- hy steier terug op die glasblaad en daar sit hy dubbelgevou binne-in die tafeltjie vasgevang, omring van glasskerwe die swaar glas vrugtestaander lê doer en die vloer besaai met nartjies, piesangs, appels ens. Ek staan verstok en staar hom aan en hy vir my, uit ons verstand uit getraumatiseer. Dit is 'n surrealistiese prent waarna ek hier my aan staan en verwonder. My man gemonteer in 'n ligte geel houtraam

net sy kop, skouers en arms steek uit, en dié arms is uitgestrek na my terwyl hy huil-prewel "O, Pettie, Pettie, o' Pettie - iets skud my wakker - Paniek, Panic, Panic, yes, Panic Button, wat aan sy mooi blou bandjie tussen slaap- en woonvertrek hang!

Ek kry skielik 'n tong ook - ek spreek hom stilgebiedend aan "hiesie moenie 'n finger verroer nie asseblief. Sid doodstil, jy is omring van gevaarlike skerp glasskerwe MOENIE ROER NIE hulp kom!

So twee, drie tree druk ek die wonderknoppie wat met 'n blouerige liggie vir my wink - my selfvertroue herwin, nou na die drafoontjie en 2e matrone Vickie weet dadelik dit is ek want die 'knoppie aan haar enkel het ons nr. gereggistreer. My versoek bring asseblief 2 gewigtige helpsters saam, ons moet kragte span om Oom Sid uit die koffietafeltelig waarin hy vassit. Alles het saamgewerk - want in 'n jap-trap staan sy in die w/stel en sê net 'o' hemel! begryp alles en ons vier lig die swaar slap dooie gewig uit terwyl glasskerwe rondom hom afval --- en ek een ekstra skerp stuk naby sy maag uitlig. Ondermatrone Vickie is in beheer en vele opdragte word flink uitgevoer - 'n rolstoel het ook opgedaag want Sid kan nie loop nie. Professioneel - trauma behandeling en Sidney veilig en altegoa in 'n diepslaap weggesink waar hy miskien gaan droom van sy 92ste geboortedag. Einde van 'n nagmerriestorie wat in 'n tragiese einde kon ontaard het. O. matrone Vickie en haar span kry 'n 100% + punte, maar mnr. Panic Butlon was die held, en sy stem saam, want hy het bewys dat hy lewens kán red, gesteun deur God se oneindige Liefde en Genade (hoe anders? nie 'n letsel of 'n skrapie of 'n druppel bloed nie - 'n totale Wonderwerk.

MEV PETRO FERRIER.